

Sing vooraf staande: Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18: 5, 6, 7, 8)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode^{en} in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:1, 2 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde^{en} vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Gebed

Psalm 139:1, 2 (p. 674)

- 1 Daar 's niks voor U bedek, o HEER! / U skou uit eewige dieptes neer
en sien my hart en wandel aan: / al wat ek doen, my sit en staan,
of wat in my diep weggesink het – / U weet al wat my hart bedink het.
- 2 My gaan en lê, waar ek my wend – / my weë is aan U bekend;
geen woord het nog my tong ontval / of kyk, o HEER, u weet dit al.
U sluit my in: ek is gevange, / u hand 's op my in al my gange.

Skriflesing: Markus 5:1-20; 6:14-29

Kernverse: Markus 5:16-18; 6:19-20

Die wat dit gesien het, vertel toe aan hulle hoe dit met die besetene gegaan het, en ook van die varke. En hulle het Hom begin smeek om weg te gaan uit hulle gebied. En toe Hy in die skuit klim, het die man wat van die duiwels besete gewees het, Hom gesmeek om by Hom te kan bly. (Markus 5:16-18 AFR53)

En Heródias het 'n oog op hom gehad en wou hom om die lewe bring en sy kon nie. Want Herodes was bang vir Johannes, omdat hy wis dat hy 'n regverdige en heilige man was, en hy het hom beskerm; en nadat hy hom gehoor het, het hy baie dinge gedoen en graag na hom geluister. (Markus 6:19-20 AFR53)

Tema: Jou verhouding met Jesus: Naby en tog so ver, of waarlik een met Hom?

Geliefde broers en susters van ons Here Jesus Christus, hoe gaan dit in ons verhouding met Jesus? Dink ons dat ons 'n naby verhouding met Hom het, maar intussen bly ons tog so ver van Hom af, of spreek ons hele lewe daarvan dat ons een met Hom is? Hierdie vrae is reguit en op die man af en elkeen van ons voel ongemaklik wanneer ons dié vrae hoor. Maar dit is tog dié vrae waarop ons moet antwoord om die nagmaal reg en troosryk te kan vier. Hierdie vrae is deel van ons voorbereiding vir die nagmaal. En die antwoorde op hierdie vrae sal ook bepaal of ons ons godsdiens beleef of nie. Daarom gaan ons nie net vanoggend nie, maar ook, soos die Here wil, volgende Sondag stilstaan by ons verhouding met Jesus.

In die evangelie, soos wat dit beskryf word deur al vier die evangeliste, word daar van verskillende mense se verhouding met Jesus vertel. Die Heilige Gees rig vanoggend ons oog op drie mense se verhouding met Jesus, naamlik dié van die Geraseners/Gadareners (AFR53), Herodes en die besetene. Iemand kan nou vra: Maar hoe kan ek nou weet hoe dit in my verhouding met Jesus gaan? Jy kan jou verhouding met Jesus beoordeel deur te kyk of jy jou godsdiens bedryf of beleef.

As 'n mens godsdiens bedryf, is dit sommer net 'n iets, 'n ding wat jy doen. Dan doen jy godsdienstige pligte op 'n meganiese manier. Outomaties prewel jy 'n gebed. Met jou lippe bely jy wat jy glo, maar jou hart en verstand is ver daarvan af. Op 'n akademiese vlak verstaan jy miskien met jou verstand die woorde wat jy bely, maar die begrip van wat jy sê en doen is ver van jou hart. Dit gebeur as 'n mens godsdiens beskou as iets wat jy moet doen.

Maar as 'n mens godsdiens beleef, is elke woord wat jy sê en elke daad wat jy doen en elke gedagte wat jy bedink, deurleef. Die begrip van wat jy doen en sê het nie net in jou verstand vasgesteek nie, maar het al ingesink tot diep in jou hart waar die Gees jou laat verstaan wat jy doen en sê. 'n Mens wat sy godsdiens beleef, is 'n mens wat homself daadwerklik en totaal aan Christus oorgegee het, en die Heilige Gees heers in sy doen en late. Godsdiens is vir so 'n mens nie maar net iets wat gedoen moet word nie; dit is 'n lewenstyl van diens aan die lewende God.

Geliefdes, mag die Gees ons dan nou lei om ons verhouding met Jesus te beoordeel in die lig van wat Hy hier aan ons openbaar. Eerstens staan ons by die mense van Gerasa/Gadara stil.

Vroeg die vorige dag, om die waarheid te sê die oggend, het Jesus die mense langs die see deur middel van gelykenisse geleer. Dit was aan die oewer van die See van Galilea in die landstreek Galilea. Later daardie middag het Hy aan sy dissipels opdrag gegee om na die oorkant van die see te vaar. In daardie nag op die oop see het daar 'n storm losgebars. Beangs het die dissipels Jesus wakker gemaak waar Hy op die bankie van die skuit geslaap het. Jesus het hulle vrees besweer en die see en wind tot bedaring geroep.

Toe alles weer rustig was, het hulle verder gevaar en die oggend vroeg die oorkant van die see bereik. Dit was in die land van die Geraseners. Hulle was nie Jode nie, want hulle het met groot troppe varke geboer. Met sy koms na 'n heidense gebied maak Jesus duidelik dat Hy nie net vir die Jode na hierdie wêreld gekom het nie maar vir alle mense.

Jesus-hulle was skaars aan wal toe hoor hulle 'n bulderende geskreeu van die berge se kant af na hulle toe aankom. Dit was 'n man sonder klere en vol stukkende plekke op sy lyf – 'n man wat ingeneem is deur 'n bose gees en tussen die grafte in die berge gebly het. Die mense van Gerasa het nie graag met hierdie pad langs die grafte verby gereis nie, want hulle was bang vir hierdie besetene. Hy was onbeheerbaar. Vroeër het hulle hom nog met kettings, voet- en handboeie probeer beheer, maar dit was tevergeefs. Die bose gees in hom het hom die kettings en boeie laat breek en stukkend ruk.

Die reisgeselskap op wie hierdie man nou afstorm, vlug nie soos al die ander mense nie. Jesus het van die strand af nadergegaan. En toe die man eindelijk by Hom kom, val hy voor sy voete neer en skreeu hard:

Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God?

(Markus 5:7 AFR53)

Die man self het Jesus nie geken nie, maar die bose gees, 'n werktuig van Satan in hom, het Jesus herken en hy gebruik die man as spreekbuis. Sonder om egter op die vraag te antwoord het Jesus die bose gees beveel om uit die man uit te gaan. Maar dit was nie net een bose gees nie; hulle was baie. As Jesus sy naam vra, sê hy:

Legio is my naam, want ons is baie. (Markus 5:9 AFR53)

Op hulle smeekroep dat Jesus hulle nie in die diepste duisternis moet werp nie, laat Hy hulle toe om in die trop varke in te vaar wat daar naby geloop het. Hulle het gesmeek, want hulle het geweet dat Jesus, die Seun van God, mag het om hulle in die diepste duisternis te werp. Jesus laat hulle toe om in die varke in te vaar, want die dag waarop Jesus die mag van die Satan oor sy mense gaan verbreek, moet nog aanbreek. Dit is eers op Golgota wat Jesus die slang se kop vermorsel. En daarna sal die laaste dag van die finale oordeel kom wanneer Hy die duiwel en al sy werktuie in die hel gaan werp.

Die wagtters het nog rustig by hulle trop varke gesit toe daar skielik 'n beroering onder hulle kom. En toe hulle weer kyk, sien hulle die hele trop van omtrent twee duisend varke op loop sit teen die hang af, die see in, en hulle versuip. Sommige van die wagtters het gesien toe die besetene na Jesus toe aangehardloop gekom het. En toe die varke versuip het, het hulle beangs na die dorp en die plase toe gehardloop.

Aan die eienaars van die varke het hulle vertel van die besete man wat aan die voete van 'n vreemdeling sit en dat hy klere aan het. En hulle het ook van die varke vertel. Vir die mense van Gerasa was dit slegte nuus en dadelik is hulle na Jesus toe. Toe hulle die besetene daar sien sit met klere aan, het hulle groot geskrik. Hulle het besef dat hierdie vreemdeling uit Galilea bomenslike mag het. Hy het die besetene genees. Maar daar is geen sweempie van blydschap by hulle om die man gesond te sien nie. Hulle sien nie die

wonderwerk van Jesus raak nie. Jesus se wonderwerk het vir die man en vir die ander mense verlossing gebring. By hulle is daar eerder 'n selfsugtige ergernis. Hierdie vreemdeling het hulle groot finansiële skade berokken. Hulle is twee duisend varke kwyt.

Geliefdes, hoewel Jesus so naby aan die Geraseners gekom het en hoewel Hy ook vir hulle na hierdie wêreld gekom het, dring hulle eerder by Hom daarop aan om uit hulle gebied uit weg te gaan. Hulle het hulle varke liever gehad as die Heiland. Wanneer dit by aardse besittings kom, is daar steeds baie mense wat Jesus eerder uit hulle lewe uit wegstuur. Hulle klou eerder krampagtig vas aan wat waardeloos is, maar wat hulle liefhet, as om dit te verloor ter wille van Jesus.

So is daar nog vele mense wie se verhouding met Jesus net hier in die kerkgebou of gedurende huisgodsdienis geld. Daar buite, wanneer dit kom by die harde werklikheid van geld verdien, handel dryf en besittings bymekaarmaak, stuur hulle vir Jesus weg. Sulke mense bedryf hulle godsdienis. By hulle is daar nie blydschap as die duiwel en sy werktuie ook uit die werkplek verdryf is nie, want hulle ag hulle besittings en lewenswaarborges hoër as Jesus. Op die ou end wil hulle eerder gevange sit tussen die bose magte wat soveel vrees by hulle inboesem as om hulle oor te gee aan die heerlike vrede van God in Christus.

Voordat ons nou verder gaan luister uit hierdie gedeelte, laat ons eers deur die Gees gelei word om te sien hoe Herodes se verhouding met Jesus was. Hierdie Herodes was een van Herodes die Grote se vier seuns wat oor 'n kwart van sy pa se ryk geregeer het. Hy was getroud met die dogter van koning Aretas van Arabië. Maar toe hy moeg word vir haar, het hy haar weggestuur en met Herodias, die vrou van sy broer Filippus, getrou terwyl Filippus nog leef het. Herodias was boonop nog die dogter van 'n ander broer van Herodes. Dus was Herodes haar oom. Herodes het hom dus skuldig gemaak aan die een sonde na die ander, naamlik ontrouheid, owerspel en bloedskanie.

Oor hierdie sondes het Johannes die Doper fel kritiek gegee. As gesant van God kon hy nie die sonde van die koning oor die hoof sien nie. Daarom het Johannes, soos teenoor die gewone burgers van die land, ook teenoor die koning bekering van sondes gepreek. Hieroor het Herodes vir Johannes gevange laat neem en in die tronk laat sit. Dit het hy om twee redes gedoen. Om die profeet se mond stil te maak sodat die hele land nie moet hoor van die koning se sonde nie. En om Johannes te beskerm teen Herodias wat 'n wrok teen Johannes gekoester het en hom wou laat doodmaak.

Herodes was bang vir Johannes omdat hy geweet het dat Johannes 'n regverdige en 'n heilige man was. Daarom het hy hom eerder in die tronk laat sit as om hom dood te maak. Terwyl Herodes die profeet in die tronk aangehou het, het hy hom dikwels besoek. Herodes het belang gestel in die prediking van Johannes, want hy het gehoor dat die burgers Johannes as een van die ou profete beskou wat die koninkryk van God verkondig.

Deur Johannes se preke het God gesorg dat Herodes ook naby Jesus kom. Johannes het immers nie net die sonde uitgewys nie maar ook die bekering in en deur Jesus Christus gepreek. Hy het Hom aangewys as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. En elke keer wanneer Herodes vir Johannes aangehoor het, was hy in 'n tweestryd. Hy was aan die een kant beangs en sidderend voor Johannes, want sy gewete het hom aangekla. Die vinger van God het swaar teen die sonde in Herodes se lewe aangedruk. Maar aan die ander kant het hy nie die moed gehad om met die sonde te breek nie. Hy wou nie van Herodias afstand doen nie omdat hy homself wysgemaak het dat hy haar liefhet en omdat sy hom gemanipuleer het.

Herodes kom naby Jesus, geliefdes. Hy hoor dat daar ook verlossing van sy sondes by God is. Maar hy bly op 'n afstand staan. Hy gaan luister graag na Johannes se preke, maar wanneer hy by die punt kom om met die sonde te breek, gaan hy eerder terug na sy paleis. Hy wil nie met sy eie sondige begeertes breek nie.

Broers, susters en kinders, dit is gewoonlik daardie sonde wat ons die sagste omvou en wat deur ons gekoester word, wat ons die moeilikste afsterf. Die ryk jong man het al die gebooië gehoorsaam, maar die sonde wat die sagste teen sy hart gelê het, was vir hom onmoontlik om af te sterf. Sy hart was verkleef aan sy besittings en nie aan die God wie se gebooië hy so getrou gehoorsaam het nie. Met hierdie woorde dwing die Gees ons om diep in ons harte te kyk na daardie sogenaamde “klein” sondetjies. As ons hulle van naderby bekyk, sal ons sien dat dit juis daardie sondes is wat ons met allerhande draaie en sirkels probeer regverdig sodat ons hulle net nie hoef af te sterf nie.

Laat ons daarom ernstig bid dat die Gees aan ons die krag en moed sal gee sodat ons daardie sondes wat so saggies teen ons hart aanlê ook met die grootste ywer sal bestry. Herodes het belang gestel in 'n verhouding met Jesus, maar hy wou nie daardie daadwerklike en totale oorgawe aan Christus maak nie.

Nou volg ons die Gees terug na die besetene van Gerasa. Ter wille van sy Vader se koninkryk in die gebied van Gerasa het Jesus die gebied verlaat. Teenoor die mense van Gerasa se aandrang dat Jesus moet pad gee, dring die man, bevry van die bose geeste, by Jesus daarop aan om by Hom te bly.

Omdat hierdie man dankbaar is dat Jesus hom van sy sonde en die duiwel se mag verlos het, wou hy niks anders doen as om Jesus te volg nie. Noudat hy vry is van die sonde weet hy self dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. En met sy hele lewe wil hy Hom alleen dien en eer, hom daadwerklik en totaal aan Christus oorgee. Hy wil sy godsdiens beleef.

Jesus laat hom egter nie toe om saam na Galilea te gaan nie. Deur Jesus word hy aangesê om na sy huismense te gaan en te vertel wat die Here vir hom gedoen het en dat die Here hom jammer gekry het. Omdat die Heilige Gees hierdie man 'n nuwe mens gemaak het, het hy Jesus gehoorsaam. Hy is na sy mense toe en hy het aan hulle vertel wat Jesus gedoen het. Hy het ook verder gegaan deur die hele streek genaamd Dekapolis. Op hierdie manier het hy sy dank en liefde aan Jesus bewys. Hy is deur die Gees waarlik een met Christus, want om die wil van God te doen was vir hom 'n groot vreugde.

As ons sou wou dink dat dit sommer maar net deur Markus geskryf is om ons te laat dink dat die man werklik gedoen het wat Jesus gesê het, kan ons maar net aanblaai na die einde van Markus 7. Toe Jesus op 'n latere geleentheid weer die gebied van Dekapolis besoek het, het die mense Hom herken en 'n doofstom man na Hom gebring om te genees.

Geliefde gemeente, die Here ons God het ons ook naby aan Jesus gebring. Hy laat Christus Sondag vir Sondag aan ons verkondig as die enigste Verlosser. Sondag vir Sondag hoor ons van die lewe en heerlijkheid wat daar in 'n verhouding met Jesus is. Trouens, deurdát ons gedoop is en sommige van ons al jare lank in Christus glo as ons Verlosser, is ons in 'n verhouding met Jesus. In die lig van wat God aan ons geopenbaar het, hoe lyk ons verhouding met Jesus? Stuur ons Hom weg wanneer dit by sommige dele van ons lewe kom? Stel ons belang in Hom maar is huiwerig om met die sondige

begeertes te breek, of het ons sy verdienste aan die kruis so ons eie gemaak deur die geloof dat ons daadwerklik een is met Hom?

Amen!

Slotgebed

Psalm 50:2, 11 (p. 254)

- 2 God kan nie swyg. Hy kom, Hy kom / met vuur wat voor Hom heen verteer!
Geweldig storm dit rondom Hom: / Aartsregter daal op aarde neer
en roep die aarde en hemel aan / om, as Hy straf, Hom by te staan.
- 11 “Hy wat sy dank My offer met / ’n hart gestem tot lof en prys,
wat op sy weg en wandel let – / hý is dit wat My eer bewys.
En, daar hy op my guns vertrou, / sal hy met vreug my heil aanskou.”

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasie-opening

Psalm 1:1, 3 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 3 So is die sondaar nie; sy aardse tyd / is wisselspel en onbestendigheid.
Hy's soos die kaf aan stormwind prysgegewe; / in nietigheid, so eindig hy sy lewe;
hy hou nie stand waar God se volk Hom eer, / of waar die straf tot weervergelding keer.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Februarie 2015